Dag 6 – Moses

Inleiding: Noem ‘n paar maniere hoe ons met mekaar kan kommunikeer. (selfoon, briewe, ens.) Vandag gaan ons leer van Moses en hoe God op ‘n wonderbaarlike manier met hom gepraat het.

Woord: Eksodus 1:15 – 2:10; 2:11-15; 3:1 –4:20

(video van storie ook beskikbaar by: *https://www.bible.com/af/kids*)

Onthou jul die storie oor Josef? Wel Josef se familie in Egipte het na sy dood, baie groot geword. Die Farao was baie bang dat hulle sy land sal oorneem.

Lees uit jul kinderbybel: **Moses in die mandjie** (Eksodus 1:15 – 2:10)

Eendag het Moses tussen die Israeliete rondgeloop. Een van die Egiptenare het op daardie oomblik ‘n Israelitiese man geslaan. Moses het dit gesien. Hy het vinnig rondgekyk. Toe hy niemand anders sien nie, het hy die Egiptenaar doodgeslaan en hom in die sand begrawe. Die Farao het gehoor wat Moses gedoen het en wou hom straf. Moses het na ‘n ander land toe gevlug. Daar het hy skape vir vreemde mense opgepas.

Lees uit jul kinderbybel: **Moses en die brandende bos** (Eksodus 3:1 – 4:20)

Gesels as gesin oor die volgende vrae:

1. Hoekom moes Moses se ma hom in die Nylrivier sit?
2. Wie het hom gekry?
3. Hoe het Mirjam dit reggekry dat haar boetie weer by haar gesin kan bly?
4. Wie het met Moses uit die brandende bos gepraat?
5. Was Moses bang om na die Farao te gaan soos God hom beveel het?

6. As Christene het ons egter ook 'n verantwoordelikheid om gehoorsaam te wees aan God. Wat beteken dit? Hoe leer ons wat dit beteken om gehoorsaam te wees aan God? By wie leer ons dit?

Gebed

Liewe Heer, help ons om aan u gehoorsaam te wees en dankie dat U U kinders liefhet en beskerm.

Aktiwiteit

Vandag se aktiwiteit is nogal ‘n uitdaging! Oefen eers met ou papier. Ek wonder wie gaan dit regkry? Dis gladnie so maklik nie, maar jy kan so baie goed doen met die pragtige boksies!

https://www.youtube.com/watch?v=W_Nc5GWAbLE&feature=youtu.be

Inkleurprent

Kopieër prent op bl 3.